



15 Junie 2020

Ouers/Voogde

AANLYNTOETSE D.M.V. GOOLGE CLASSROOM

Binne Google Classroom word daar die geleentheid gebied om d.m.v. Google Forms aan leerders aanlyn 'n toets/assessering te verskaf. Assesserings is uiters belangrik, nie net omdat dit voorskriftelik is vir die leerder se puntstelsel nie, maar ook omdat dit vir die personeellid wat sommige leerders (Gr 8-11) vanaf 18 Maart nie fisies gesien het nie, die geleentheid bied om te toets of hul wel die werk wat aanlyn verduidelik is, verstaan.

Hierdie nuwe toetsvorm bied egter aan sommige ouers baie onsekerhede. Graag wil ons 'n paar kenmerke van dié toetsplatform onder u aandag bring:

1. Hierdie platform bied aan die skool die geleentheid om leerders te assesseer, sonder om u kind en die personeellid bloot te stel aan die moontlike oordraging van die Covid-19 virus, aangesien die virus van oppervlak na oppervlak oorgedra word, wat moontlik kan plaasvind as leerders fisies papiere gebruik om te skryf en dan ingee.
2. Dié platform is beskikbaar om 'n wye verskeidenheid tipe assesserings te hanteer, wat insluit meervoudige keuse, korter vrae en langvrae.
3. Hierdie platform kan gebruik word vir Formele Assesserings (Toetse wat deel vorm van die leerder se finale jaarpunt), maar ook Informele Assesserings. Informele assesserings het gewoonlik vinnig in die klas in die vorm van 'n klastoets plaasgevind ten einde te sien of leerders die werk wat behandel is, verstaan. Die informele toetse doen steeds dieselfde funksie.

Dit is die eerste jaar wat personeel die nuwe platform, weens die huidige omstandighede, moet gebruik en natuurlik is dit 'n leerproses vir personeel, leerders en ouers. Die volgende navrae het na aanleiding van die toetse van 10 Junie ontstaan, wat ons graag onder u aandag wil bring:

1. Leerders moet asseblief reeds 10 min voor die tyd toets of hul internet-toegang reg is. Tydens gewone toetse by die skool, moet die leerder ook 10 min voor die tyd gereed wees. Ons sal reël met personeel dat die toets reeds 5 min voor die tyd oop is, sodat die leerder kan sien dat alles funksioneer.
2. Binne die Google Forms is daar die opsie om meervoudige keusevrae op te stel waar die personeellid die antwoorde kan skommel ("shuffle"). Hierdie funksie is tydens die toetse gebruik. Dit beteken dat een leerder se antwoord A by die volgende leerder antwoord B sal wees. Ouers het ons hieroor gekontak en aangedui hul maats het met mekaar gepraat en elkeen se antwoord het verskil! Dit is heeltewel korrek. Dit is egter kommerwekkend dat leerders toegelaat is om tydens toetse met mekaar te kommunikeer. Ons het egter van die begin af geweet dit kan gebeur en juis daarom is die toetse se antwoorde geskommel. U kind is dus nie benadeel of die toets foutief nie. Dit is juis so opgestel om leerders te fnuik wat wil verneuk.
3. Die Google Forms toetse is vooraf, soos altyd, gemodereer. Hierdie stappe bly steeds dieselfde. Indien daar egter wel 'n fout in die toets deursluis, kan die personeellid na die tyd met die hand, die fout korrigeer en die punt aan die leerder toeken. Dit is presies dieselfde soos wanneer toetse by die skool hanteer word en 'n leerder navrae doen oor 'n vraag, waarna daar weer na die vraag gekyk word.

4. Leerders het tydens die toetse op die Google Classroom opmerkings ("comments") vir mekaar oor die vrae gestuur. Wat hul egter nie besef het nie, is dat elke personeellid op die Google Classroom ook die opmerkings kan sien. Herinner asseblief u kind dat dit 'n toets is en dat hul, hul moet weerhou van sulke optrede.
5. Die toetse is op 'n sekere tyd oopgemaak en aan 'n sekere tyd gekoppel. Na afloop van die toets was die toets steeds sigbaar op die Google Classroom. Dit is presies soos as u kind toets skryf by die skool en dan die toets huis toe neem. Wanneer 'n leerder egter later as die voorgeskrewe tyd die toets voltooi, kan hy/sy dit instuur, maar die inhandiging sal as 'n laat-inhandiging vir die personeellid aangedui word ("Late submission"). Die personeellid weet dan dat die leerder die toets nie binne die voorgeskrewe tyd gedoen het nie en dus nie aan die regulasies voldoen het nie.
6. U sou ook sien dat tydens dié toetse van 10 Junie daar ekstra tyd aan leerders verskaf is. Hul het dus meer tyd ontvang as wat binne 'n gewone skriftelike toets sou wees, juis omdat ons besef het dit is hul eerste keer om die Google Forms te gebruik.
7. Ouers het ook aangedui dat hul nie bewus was van die toetse nie. Dit is in die nuusbrieff en deur middel van 'n SMS gekommunikeer. Die toetsdatums is ook op die Google Classrooms deurgegee. Maak asseblief seker dat u navrae by u kind doen rakende al die toetsdatums, en skryf dit op 'n kalender neer.

Ons besef dat leerders altyd nuwe insiatiewe sal uitdink om tydens toetse te kroek. Dit was nog altyd so, of die toets nou skriftelik of aanlyn hanteer word. Ons wil u egter vra om u kind daarop te wys dat die omstandighede waarbinne die wêreld nou is, die skool noodsaak om op 'n ander manier baie sake te hanteer. Die leerder moet asseblief onthou dat hy/sy uiteindelik in 'n eindeksamen self gaan moet weergee of hy/sy die werk werklik ken of nie. Dit is dus beter om nou self jou toets te doen en te sien waar dit goed gaan of waar daar tekortkominge is. Dan kan die tekortkominge aangespreek word.

Ten slotte weet ons ook, daar is in huishoudings ouers wat nie tans internet beskikbaar het nie. Die skool poog werklik om die leerders by die skool te akkomodeer deur hulle toegang tot die skool te bied en hul dan, as dit kan, in die leessentrum op die rekenaars, toegang tot die Google Classroom te bied. Hierdie is egter 'n reëling wat op uitsondering gedoen kan word, vir leerders wat dit werklik nodig het, aangesien daar vooraf toestemming vir hul toetse tot die skool verkry moet word. Indien dit enigins moontlik is, wil ons vra dat leerders tuis skryf. Indien u egter werklik hulp benodig, moet u asseblief **die betrokke personeellid wat die vak aanbied ten minste twee dae voor die aanvang van die toets kontak** om reëlings vir die skryf van die toets te tref.

Baie dankie vir u volgenhoue ondersteuning.

Winnie-groete


M LEZAR
SKOOLHOOF


T MC GEER
ADJUNKHOOF